Laerskool Stellenbosch

Tennisbeleid

1. <u>Tennis-afrigters:</u>

Organiseerder	Stefan Gouws
Hoofafrigters	Cornel Smuts
Hulpafrigters en/of Spanbestuurders	Lelanie van der Berg
	Renika Stramrood
	Marilie Carpenter
	Belinda Lüttich
	Stefan Gouws
	Jeandré Stramrood

(Daar word ook van buite-afrigters (TORO) se hulp gebruik gemaak.)

2. <u>Samestelling van oefengroepe:</u>

2.1 Beginner groepe: Gr 1 - 3 (Play and Stay)

Gr 4 -7 Beginner (Play and Stay)

"Play and Stay" Tennis word aangebied deur Toro afrigters met die hulp van 2 onderwysers. Die doel is om leerders die basiese tegniek aan te leer, maar om ook 'n liefde vir die sport te kweek.

Leerders kry 1 – 2 oefeninge per week en word gemotiveer om vir ekstra individuele lesse by Toro Tennis Akademie, teen ekstra onkoste, te gaan.

2.2 Intermediêre groep:

Die groep is hoofsaaklik vir leerders wat basiese tegniek aangeleer het en reeds ‘n “rally” of punt aan mekaar kan sit. Spelers moet kan speel op vollengte baan met groen “dott” balle en aktiwiteite kan uitvoer met ‘n maat onder toesig van ‘n onderwyser. Doel van lesse is om tegniek te bevorder maar ook om punte te leer speel en taktiese aspekte aan te leer.

- 1 afrigter/onderwyser per 10 spelers.
- Groen “dott” balle.
- Kan op 3 - 4 bane funksioneer.

2.3 Junior- en Senior-Elite groepe:

Junior-elite – Hoeveelheid spelers sal bepaal word deur die afrigter.
o.11-Seuns en -Dogters

Senior-elite - Hoeveelheid spelers sal bepaal word deur die afrigter.
o.13-Seuns en –Dogters

Samestelling en reëls van Elite groepe:

- Slegs spelers wat geïdentifiseer is deur mnr Cornel Smuts en Jandré Stramrood
- Bywoning van oefeninge is verpligtend, tensy geldelike verskoning vooraf gemaak is. Spelers kan hul plek in groep verloor as daar nie gereelde bywoning is nie.
- Spelers wat nie op gereelde basis die oefensessies bywoon nie, sal nie toegelaat word om aan wedstryde of toernooie deel te neem nie.

Junior en Senior Elite oefenprogram:

- Ten minste 1 keer per week. Woensdae se sport periode sal as tweede oefening dien en is verpligtend tydens 1ste en 4de kwartaal.
- Sal bestaan uit taktiese enkel- en dubbelspel oefeninge, tegniek bevordering, “drills” en punte asook fiksheid en “mental toughness” sessies.

3. Oefentye:

- Alle oefeninge moet bygewoon word en spelers moet stiptelik wees.
- Spelers wat versuim om spanoefeninge by te woon, mag moontlik ‘n wedstryd verbeur.

Gr 1 – 3 Beginners Groep :
Maandae 15:00 – 15:45 en Woensdae 14:00 – 14:45

Gr 4 – 7 Beginners Groep :
Dinsdae 15:30 – 16:15 en Donderdae 14:00 – 14:45

Intermediêre Groep :
Maandae 15:45 – 16:30 (meisies)
Woensdae 07:00 – 07:40 (seuns)

Jnr-Elite Groep :
Dinsdae 07:00 – 07:40 (seuns)
Woensdae 14:45 – 15:45 (meisies)

Snr-Elite Groep :
Dinsdae 14:00 – 15:30 (meisies)
Vrydae 07:00 – 8:15 (seuns)

4. Wedstryddae

- Liga-wedstryde word op Donderdae gespeel.
- Datums word op die communicator en kwartaalprogram aangedui.
- Enige veranderings word via What’s App of die D6 communicator aan ouers deurgegee.

5. Toernooie

Ons wil graag vir ons spelers so veel as moontlik blootstelling bied; daarom neem ons jaarliks aan die volgende toernooie deel (sover dit moontlik is):

- Eikestad Dubbelstoernooi (Stellenbosch)
- Amanda Coetzer toernooi (Bloemfontein)
- Swellendam Oude post Bistro toernooi (Swellendam)
- Gerrie Berner toernooi (Paarl)
- Mikro KFC toernooi (Kuilsrivier)
- Matchpoint/Jocelyn Marais toernooi (Graaff-Reinet)
- O.11 Stellenbosch/Torro – toernooi
- Welgemoed Toernooi

(Toernooie is onderhewig aan verandering)

***** Die skool wil graag onder u aandag bring dat daar sekere toernooie geoormerk sal word waar spanne op suiwer meriete gekies sal word deur die afrigters, bv Gerrie Berner en Amanda Coetzer toernooie. Dit beteken dat o.11 spelers ook in aanmerking kan kom as hulle op meriete die o.13 speler wen, hierdie proses is ook onderhewig aan die diskresie van die afrigters.

Individuele toernooie:

Sien toernooie kalender op www.tennissa.co.za of vir Boland Wilson toernooie by http://cilandia.co.za/. Dit is ook die webtuiste Tennisonline waar inskrywings gedoen word. Vir nog navrae kontak Toro Tennis.

6. Drag

- Afrigters en spelers dra oefendrag en **pette** tydens oefeninge.
- Spelers speel ligawedstryde in die skool se amptelike sportdrag; eenvormigheid is baie belangrik. Slegs groen skoolpette of spierwit pette is toelaatbaar.
- Spelers wat wegwedstryde speel, vertrek reeds in skooltyd en moet dus gedurende tweede pouse hul tennisklere aantrek.
- Toernooidrag word voor die tyd bepaal.

7. Etiket

Etiket en gedrag van spelers:

- Groet jou opponent, asook die spanbestuurder en volwassenes teenwoordig.
- Rakette mag nie gegooi of gekap word nie.
- Balle mag nie na drade of enige voorwerp in woede geslaan word nie.
- Daar mag nie geskree word nie; onwelvoeglike taal mag ook nie gebruik word nie.
- Bal-beslissings moet HARDOP en dadelik, nadat die bal gebons het, aangekondig word.
- Tellings moet HARDOP na elke punt aangekondig word. Jy moet TE ALLE TYE weet wat die telling is.
- Daar mag geen inmenging van buite die baan plaasvind nie. Spelers word geleer om ‘n skeidsregter te laat roep indien hulle ontevrede met baanbeslissings is.
- Wanneer 'n skeidsregter teenwoordig is, word daar nie met hom/haar gestry nie; besluite is finaal en word so aanvaar.
- Optrede teenoor opponente moet altyd hoflik wees. Wag vir hulle by die net met die ruil van kante en skud hande aan die einde van die wedstryd. Die baan word saam verlaat, met die opponent wat eerste stap.
- Aangesien tennis as ‘n spansport beskou word, word spelers deur die res van die span ondersteun en niemand verlaat die bane tot almal klaar is nie.
- Opponente en spanbestuurders word na die wedstryd bedank en gegroet.

Etiket en gedrag van ouers:

- Ouers word aangemoedig om hande te klap vir goeie tennis - nie net vir jou eie kind of spanmaat nie.
- Daar word nie hande geklap vir onnodige foute en swak spel van opponente nie.
- Geen afrigting deur die ouer word toegelaat gedurende 'n wedstryd nie; ook geen kommunikasie nie.
- Ouers moet nie te naby die baan sit waar hul kind speel nie.
- Ouers mag nie fisies op die baan gaan nie; nie eens om water te voorsien nie.
- Geen aanmerking of raad mag gedurende die wedstryd gemaak word nie.
- Afrigter besluit oor spansamestellings en sy besluit is finaal en ononderhandelbaar.
- By toernooie is die afrigter en spanbestuurder verantwoordelik vir die spelers (bv. vir etes, slaaptye, ens.) Geen kind mag verwyder word sonder die toestemming van die afrigter of spanbestuurder nie.
- Indien nodig, sal hulp van ouers gevra word deur die afrigter en spanbestuurder.
- Indien 'n ouer probleme opmerk, word dit onder die aandag van die afrigter of spanbestuurder gebring. Hulle sal dan besluit watter optrede nodig is.
- Bogenoemde is riglyne om dit vir spelers moontlik te maak om optimaal as span te funksioneer. Verder kan hulle beter op hulle spel konsentreer indien hulle nie aan ouers se gedrag en lyftaal aandag hoef te skenk nie.

8. <u>Afwesighede</u>

- Afrigters is verantwoordelik om self ‘n plaasvervanger te reël indien oefeninge of ligawedstryde nie bygewoon kan word nie.
- Leerders moet die betrokke spanbestuurder vroegtydig laat weet indien ligawedstryde nie gespeel kan word nie.
- Onttrekkings moet asb. nie op die laaste oomblik geskied nie aangesien dit die spanbestuurder in ‘n baie moeilike posisie plaas.
- ‘n Doktersbrief moet voorsien word indien spelers onttrek word van ‘n toernooi.

9. <u>Uitspeelwedstryde</u>

- Die ranglys vir ligawedstryde en toernooi sal bepaal word deur twee interne proewes. Die datums sal elke jaar op die sportkalender en Communicator geplaas word. Die eerste interne proewe sal in Januarie plaasvind en die tweede interne proewe in September. Die o.11’s sal ook hieraan deelneem. 0.11 se proewe is slegs vir hulle ouderdomsgroep, hulle speel nie “op” oor die ouderdomsgrens nie, behalwe as die afrigter of spanbestuurder op uitsonderlike gevalle voel die speler kan die geleentheid gegee word. Die formaat van die toernooi word deur die afrigter bepaal. Spelers wat nie vir wedstryde opdaag nie, sal uit die toernooi gehaal word. ‘n Geldige verskoning sal deur die afrigter hanteer word.
- Uitdaagwedstryde mag voor die aanvang van die toernooie gespeel word op versoek van die afrigter. As daar ‘n groot verbetering/verandering in spelers se spel voorkom, kan daar ‘n uitsondering gemaak word en die versoek vir ‘n uitdaagwedstryd sal oorweeg word en is onderhewig aan die diskresie van die afrigter.

- Voor ‘n toernooi sal ‘n groep spelers, wat deur die afrigter bepaal word, ‘n geleentheid gegee word om vir die spesifieke toernooi uit te speel. Die afrigters sal besluit voor watter toernooie uitspeelwedstryde nodig is en datums van die daag tydperk sal bekend gemaak word aan die spelers wat betrokke is. (Die rangorde vir Gerrie Berner en Jocelyn Marais sal dus dieselfde bly aangesien die toernooie direk na mekaar plaasvind.)
- Toesig deur ‘n afrigter/spanbestuurder is verpligtend by uitdaagwedstryde van A- en B-spanne.
- Die afrigter/spanbestuurder se beslissing oor toerspanne is finaal en word nie op spel alleen gebaseer nie, maar op ander faktore soos spanwerk, gedrag, emosionele volwassenheid, ens.
- Sodra ‘n toerspan gefinaliseer is, mag spanlede mekaar uitdaag om posisies te bepaal, **solank die afrigter dit goedkeur**. Niemand buite die groep mag lede van die span dan uitdaag nie. Die wedstryde sal voor ‘n bepaalde sperdatum afgehandel word. Die afrigter sal die datum bekend stel aan alle spelers wat betrokke is.
- Toernooispanne se posisies kan voor of gedurende die toernooi deur die afrigter verander word, na aanleiding van die spesifieke toernooi se behoeftes.
- Na afloop van die wintersportprogram sal alle spanspelers weer die geleentheid kry om hul posisies te verbeter (September proewe).
- Die formaat van uitdaagwedstryde word deur die afrigter bepaal.
- Met die inskrywing van nuwe leerders by die skool wat moontlik vir ‘n posisie in ‘n spesifieke span kwalifiseer, mag die afrigter die speler ‘n kans gee om die laaste persoon in die span uit te daag.

10. Wedstrydbriewe

Ons gebruik nou Whatsapp groepies in plaas van briefies om wedstryd reëlings aan ouers deur te gee. Dit is nog steeds die leerders se verantwoordelikheid om seker te maak ouers het die regte inligting ontvang en dat hulle weet wanneer en waar hulle speel om sodoende vervoer reëlings te tref.

11. Kommunikasie

Dit is belangrik dat die regte kanale gevolg word. Kontak gerus vir Stefan Gouws (tennis@lstellen.co.za) met enige navrae, voorstelle of probleme. Indien die probleem nie opgelos kan word nie, kan Nita Gouws (sport@lstellen.co.za) by die sportkantoor gekontak word.

12. Apparaat

- Spelers voorsien hulle eie rakette.
- Balle word vir geskeduleerde oefeninge deur die skool voorsien.
- Gedurende die netbalseisoen is dit die verantwoordelikheid van spelers om nette weer na hul spel van die baan te verwyder en netjies in die wit dromme te pak.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 22 SEPTEMBER 2020

VOORSITTER

SEKRETARESSE

SKOOLHOOF

LAERSKOOL STELLENBOSCH
ENDLERSTRAAT
STELLENBOSCH
7600